DIE KOMMISSIE HERVAT OP 14 MEI 1990.

CHRISTO BRITS, v.o.e.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BERTELSMANN: Mnr. Brits ons het nou 'n bietjie geleentheid gehad om na u dagboek te kyk en daar is aspekte daaruit wat ons graag met u wil opneem. Kom ons kyk in die eerste instansie na 28 April, die derde aantekening daar, lees soos volg: "Bel Shaun in verband met sleutel." Is dit reg?-- Dit is korrek.

Wie is Shaun? -- Dit is 'n bewustelike lid van 'n ander streek, sy administratiewe naam.

Wat is sy volle administratiewe naam?-- Ek sal nou vir u sê? -- Ek kan my nie nou herinner aan sy van nie, jammer.

Goed. In watter verband het u met hierdie Shaun in aan-raking gekom? -- Dit kan wees dat hy vir my 'n kamer moes reël en dat hy die sleutel aan my oorhandig het voordat ek die kamer gebruik het.

Dit kan wees?-- Ja.

Kan dit wees dat dit die sleutel is wat betrekking het op die perseeel waar Streek 6 normaalweg geadministreer is, Pretoria-Wes? -- Nee, dit kan nie wees nie, want hierdie lid is in die buitekring.

Goed, 16 Januarie 1989 is daar 'n aantekening weer eens oor 'n sleutel wat betrekking het op Braam: "Praat met Braam oor sleutel." Nou Braam weet ons is Braam Cilliers nie waar nie? -- Dit is korrek.

Dit is die persoon wat toegang gehad het tot die sleutels? -- Ja.

En Pretoria-Wes nie waar nie? -- Ja.

Goed, nou watter gesprek het u met Braam oor die sleutel gevoer? -- Ek kan nie onthou nie. Dit is meer as 'n jaar

gelede/...

gelede. Dit moet dan met ander woorde, dit is nie 'n hotel-sleutel nie. Dit is dan wel 'n sleutel van die kluis met ander woorde.

Maar u getuienis tot dusver was tog dat u nie toegang tot daardie kluise gehad het nie, nie waar nie? -- Nee, nie sonder die persoon wat die sleutel het nie.

Nee, maar die punt is ... (tussenbei)

VOORSITTER: Ja, die vraag is van watter kluise praat mnr. Bertelsmann? -- Nee, maar as dit Braam is, op daardie stadium het hy beheer gehad oor die kluise by die kantoor.

MNR. BERTELSMANN: Ja goed, maar mnr. Brits wat sou u, wat se belang het u by daardie sleutels en by daardie kluise in die kantoor gehad? -- Ek kan nie onthou waaroor die inskrywing gaan nie. Ek moes met hom gepraat het oor 'n sleutel. Ek kan nie sover terug onthou nie.

Het u ooit die sleutel by hom gekry om toegang tot die lêers by Pretoria-Wes te kry? -- Nee, hy sou dit self vir my oopgesluit het. Hy mag nie die sleutel vir iemand anders gee nie.

Ek volg. Nou wie is S. le Roux? -- Dit is Maree.

Is dit Chappie Maree. Nou kom ons kyk 'n bietjie na 22 Junie. Daar staan in die eerste instansie: "Open lêer S. le Roux." -- Ja.

Is dit reg, watter lêer is dit? -- Ek sien daar so 'n dubbel strepie en dan staan daar "rooi". Dit was, toe hy, ek dink dit was, sy projeklêer se naam was Onus gewees. Dit is toe sy projeklêer geopen is die eerste keer.

Ek volg. Nou mnr. Brits u het vir ons gesê dat die "rooiplan" of die "rooibeplanning" of die "rooilêer" het be-trekking op gevalle waar aktiwiteite van die BSB skeefloop.

Is dit reg? -- Skeefloop?

Met ander woorde waar jy ontwykingspogings moet doen. Is dit reg? -- Nee-nee, die "rooiplan" is bloot net die term wat gebruik word terwyl jy besig is met jou produksieprojek. Met ander woorde jou werksprojek wat nie jou besigheid is nie. Dan is al daardie aksies "rooi" gerig. Dit is net die term, dit het met niks anders te doen nie.

Goed, wat beteken onder daardie omstandighede die term "rooi kantoor"? -- Dit beteken 'n kantoor wat jy op vals be-sonderhede kry. Wat met ander woorde nie terugspoorbaar is nie.

Ja, met ander woorde dit is 'n kantoor waarvandaan jy af opereer om operasioneel te wees vir die BSB se aktiwiteite. Is dit reg? -- Dit kan wees, ja.

Nou hier het u 'n aantekening op 22 Junie, "rooi kantoor - Streek 6." Is dit reg?-- Ja, dit is korrek.

Goed, maak ek die regte afleiding dat dit 'n kantoor is wat gereël is om die operasies van die BSB vanaf te kan reël? -- Wel dit was hoofsaaklik 'n plek om bymekaar te kom.

Sodat daar beplanning gedoen kon word? -- Besprekings kon plaasvind, ja.

En waar is daardie kantoor geleë? -- Ek kan net die voor-stad onthou. Dit was in Hillbrow. Die presiese plek kan ek nie onthou nie.

Waar was dit, in 'n hotel, in 'n gebou? -- Nee, dit was in 'n woonstelblok, 'n gemeubileerde woonstelblok.

'n Gemeubileerde woonstelblok. Nou u skryf hier op 22 Junie: "Twee maal opsies." Is dit reg? -- Dit is korrek.

Nou wat beteken daardie aantekening? -- Ek kan net dink dat ons gekyk het na 'n gemeubileerde woonstel en dan ook na

een/...

een wat nie gemeubileer is nie. Afhangende van die een wat beskikbaar was. In die laasgenoemde opsig sou ons dan self meubels moes aankoop. Dit is moontlik die opsies.

Nou waar is die Pontigebou geleë? -- Dit is ook in daardie area.

Goed. Is dit waar die adres is?-- Nee.

Waar was die ander kantoor? -- Waarvan ek in my boek praat?

Ja. -- Ek kan nie die woonstelblok se naam onthou nie, maar dit was wel in Hillbrow-omgewing.

Is daar enige lêers waarin die adres verskyn? Het u 'n projeklêer vir die aanskaffing van hierdie spesifieke toe-rusting of dan hierdie akkommodasie geopen? -- Die detail daarvan sal op Projek Choice wees, ja.

(DAAR WORD OORGESKAKEL NA 'N ANDER KASSET).

K51. MNR. BERTELSMANN: Is die ...... beskikbaar? -- Dit is deel van die lêers wat nie beskikbaar is nie.

So dit is ook weg? -- Ja.

Met ander woorde sover ons weet mnr. Brits, bestaan hierdie woonstel nog? -- Nee ons het hom - ek dink ons het hom na twee maande het ons hom opgegee.

U dink so? -- Nee, ek weet so.

Nou sal daardie besonderhede ook in die Projek Choice se lêer te vinde wees? -- Die feit dat ons hom opgegee het?

Ja. -- Wel, dit sal.

Ek sien, gaaf. Nou sê vir my in die ietwat ongewone avontuurlustige taalgebruik van die BSB wat beteken "doopdag"? -- Dit beteken miskien die afskop van 'n gebeurtenis. Met ander woorde die begin van iets.

Met ander woorde dit beteken die inwerkingstelling van

'n/...

'n plan. Is dit reg? -- Dit kan moontlik so wees, ja.

Met ander woorde die formele opening van 'n nuwe kampanje. Is dit reg? -- As u dit so groot wil stel, ja.

Die formele opening van 'n nuwe veldtog om 'n vyand maksimaal te ontwrig? -- Dit kan dit ook beteken, ja.

Nou kom ons kyk dan met daardie agtergrond so 'n bietjie na 11 Julie 1989. Nou daar staan die volgende aantekening: "Doopdag Streek 8." -- Korrek?

En daarna in hakies en hoofletters, asof dit beklemtoon is: "(ALLES ASOF SWAPO)" Daaronder weer 'n hakie, weer in hoofletters so asof dit beklemtoon word: "(WITMAN SE HAND UITHOU)" -- Dit is korrek.

En daarna die volgende aantekening: "Projek gemik op 6 November (korttermyn)." -- Dit is korrek.

Dan is daar 'n verwysing na: "Dolf - statiese koördinasie". Daarna "Werf lede vir Swapo 'underground'"
Daarna, elke keer met so 'n aandagstrepie " Heiner monitor". Dan "Bert - stop en rig na Streek 8" en die volgende: "Rig pro-Swapo sosiale geleenthede (roetine) plek en harkasie(?)" Het ek dit reg aangehaal vir u? -- Ja.

Nou sê vir my hierdie aantekening wil ek aan u stel is slegs versoenbaar met een uitleg, naamlik dat op 11 Julie 1989 het die BSB amptelik begin met 'n veldtog om die verkiesing in wat nou Namibië is, te ontwrig. Is dit reg?

VOORSITTER: Die getuie hoef nie die vraag te antwoord nie.

MNR. BERTELSMANN: Verskoning mnr. die Voorsitter?

VOORSITTER: Ek sê die getuie hoef nie die vraag te antwoord nie. U verskyn nie vir die Lubowski-familie nie?

MNR. BERTELSMANN: Nee, maar met respek, dit gaan nie daaroor nie.

VOORSITTER:/...

VOORSITTER: Waaroor gaan dit?

MNR. BERTELSMANN: Dit gaan oor, in die eerste instansie mnr. die Voorsitter, oor die motivering daarvoor, die politiek daaragter ... (tussenbei)

VOORSITTER: Ek stel nie belang in die politiek of die motivering daarvoor nie.

MNR. BERTELSMANN: Maar met respek, die vraag wat misdade, sekere misdade met politieke motiewe sou veroorsaak het, is vierkantig binne die opdrag van hierdie Kommissie.

VOORSITTER: Mnr. Bertelsmann, ek het klaar my reëling daar-voor gegee, u gaan nie om my reëling nie.

MNR. BERTELSMANN: Met respek, mnr. die Voorsitter, mag ek net motiveer asseblief?

VOORSITTER: Ja.

MNR. BERTELSMANN: Ek probeer hoegenaamd nie om enige reëling wat u getref het mnr. die Voorsitter, te ontduik nie.

VOORSITTER: As u vir my wil sê dat iets wat Swapo gedoen het, dat Swapo binnelands in die Republiek van Suid-Afrika met 'n geweldsmisdaad in die Republiek van Suid-Afrika ontwrig is, dan stel dit aan die getuie.

MNR. BERTELSMANN: Dit is nie wat ek wil stel nie mnr. die Voorsitter. Wat ek in hierdie verband aan die getuie wil stel en wat ek wil ondersoek, en dit is baie belangrik om dit af te lê van wat ek tot dusver gedoen het, gaan oor die oriën-tasie waarmee die BSB opgetree het.

VOORSITTER: Wat bedoel u daarmee?

MNR. BERTELSMANN: Dit gaan oor die motivering, die politiek waarmee die BSB besig was. U sal onthou, daar is getuienis gelei deur brigadier Mostert oor die verklaring wat hy gemaak het uit die inligting wat hy ingewin het ten opsigte van 'n

organisasie/...

organisasie met 'n regse politieke inslag wat besig was om die regering te ondermyn. Nou hierdie, hy is in daardie verband ernstig onder kruisverhoor geneem en dit wat hy gesê het is inderdaad bevraagteken.

VOORSITTER: Wel, ek dink nie hy het 'n feit genoem ter stawing van wat hy gesê het nie?

MNR. BERTELSMANN: Maar mnr. die Voorsitter hier, met respek lê daar die aanduiding dat daar inderdaad stawing vir daardie benadering bestaan, want dit is ... (tussenbei)

VOORSITTER: Mnr. Bertelsmann òf die BSB die regering se beleid in Suidwes of Namibië wou verongeluk is myns insiens nie ter sake nie.

MNR. BERTELSMANN: Maar met respek u edele ... (tussenbei)

VOORSITTER: Dit mag jammer wees, maar dit is nie ter sake nie. Dan moet die Staatspresident besluit om die opdrag uit te brei.

MNR. BERTELSMANN: Met respek mnr. die Voorsitter, die motief vir daardie optrede is direk relevant vir die verdere optrede van die BSB binnelands, want as dit die politieke motief in Suidwes of Namibië was, verskoning mnr. die Voorsitter, dan sou die politieke motief vir enige optrede binnelands presies dieselfde gewees het en .. (tussenbei)

VOORSITTER: Nie noodwendig nie. Dit is nie 'n noodwendige afleiding nie.

MNR. BERTELSMANN: Maar dit is een afleiding wat geregverdig is en wat 'n mens sal kan betoog en daarom met respek ... (tussenbei)

VOORSITTER: Ja, u kan dit betoog, maar ek kan nie, as die getuie nou - wat gaan die volgende vraag wees as die getuie se antwoord "ja" is?

MNR. BERTELSMANN: Dan sal ek die posisie ondersoek oor hoe dit moontlik was dat die BSB dit gedoen het in die lig van die verklaarde regeringsbeleid en in die lig van die verklaarde weermagoptrede op daardie stadium en dit is ook op daardie basis, met respek mnr. die Voorsitter, uiters belangrik, want u sal onthou dat in Juliemaand 1989 en my geleerde vriende wat namens die Suid-Afrikaanse Weermag verskyn, kan my reg help as ek verkeerd is, het die weermag by herhaling amptelik ver-klaar dat hy ten gunste is van die vreedsame verdere ont-wikkeling van die politieke proses in Namibië, dat hy dit steun, dat vyandelikhede gestaak word, dat die weermag nie van plan is om met vyandelikhede voort te gaan nie, dat hy die vredesproses in alle denkbare opsigte sal aanhelp en as ek dit nie baie mis het nie, ek het nie oor die naweek geleentheid gehad om dit ten opsigte van persverklarings ensovoorts na te vors nie het die Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag en die Minister van Verdediging by herhaling sulke verklarings gemaak. As die getuie op die vraag wat ek nou aan hom gestel het ja antwoord, mnr. die Voorsitter, het dit geweldige implikasies vir die aard van die ondersoek ten opsigte van wat die BSB gedoen het en het dit implikasies vir die politieke motiewe wat agter die misdade, wat u moet ondersoek, verskuil lê en sou dit, in my respekvolle submissie, derhalwe direk relevant wees tot u opdrag en tot die afleidings wat 'n mens van hierdie getuienis ten opsigte van die binnelandse gebeure en die binnelandse optrede van die BSB moet maak en daarom, met respek mnr. die Voorsitter, is dit heeltemal relevant.

Ook is dit relevant as 'n mens kyk na wat brigadier Mostert gesê het.

VOORSITTER: Ja, brigadier Mostert het baie irrelevante goed

ook/...

ook gesê. Ek weet nie of dit my help nie.

MNR. BERTELSMANN: Maar ek dink werklik mnr. die Voorsitter, ten opsigte van die verhouding, BSB-Weermag, BSB-die Suid-Afrikaanse regering is hierdie en mnr. die Voorsitter, wat prakties gedoen is stem ek saam is op die ou einde nie be-langrik nie en daaroor sal ons geen betoog tot u rig nie. Ons gaan ook nie oor Lubowski praat nie, maar wat ons hier soek en dit is die enigste rede waarom ons na praktiese gebeurtenisse gaan verwys, is die motief daaragter, is die politiek daaragter en is die getrouheid en die gehoorsaamheid van die BSB aan opdragte wat volgens openbare verklarings deur die weermag gegee is, ter sake en dit, met respek mnr. die Voorsitter, is belangrik.

VOORSITTER: Miskien moet u op 'n hoër vlak vra, maar in ieder geval mnr. Brits is u bereid om die vraag te antwoord of die BSB 'n projek gehad het ter ontwrigting van die Swapo se aandeel in die Suidwes-verkiesing? -- Nee, wat ek weet daar was nie 'n spesifieke ontwrigtingsplan gewees nie.

MNR. BERTELSMANN: Mag ek dan maar voortgaan?

VOORSITTER: Ons sal vraag-vir-vraag neem mnr. Bertelsmann.

MNR. BERTELSMANN: Mag dit u behaag, goed, maar dan moet u vir ons sê mnr. Brits, u sê daar was nie 'n spesifieke ontwrig-tingsplan nie? -- Nee, die plan met Suidwes was om vas te stel watter maatreëls Swapo gebruik. U weet almal van die inti-midasie wat almal van bewus is. Daar wou vasgestel word in hoe 'n mate Swapo intimidasie toepas en of daar wel nog wapens of sulke hulpmiddele die land binnegebring word. Dit is hoof-saaklik hoe ek dit gesien het en wat .... (tussenbei)

Dit is soos wat u dit gesien het? -- Wat Streek 6 moes vasstel is wat ek nou gesê het.

Nou/...

Nou kom ons kyk dan na wat u sê - miskien moet u eers vir ons verduidelik hoekom, waar kom hierdie aantekeninge vandaan? Is dit 'n aantekening ten opsigte van 'n opdrag wat u gekry het? -- Wel ja, dit is genoem op 'n vergadering.

Was dit 'n inhuisvergadering? -- Nee, wel ek kan dit nie 'n inhuis noem nie. Dit is 'n vergadering wat belê is deur die besturende direkteur waar verskillende mense betrokke was.

Ja. -- En toe het ek die notas van daar geneem.

Ek sien. Nou as u sê verskillende mense, was dit net Streek 6 of ander streke ook? -- Nee, wel uit die aard van die saak was Streek 8 ook betrokke.

Ek volg. Nou kom ons gaan en ons kyk eers wat sê hierdie aantekening: "(ALLES ASOF SWAPO. DOOPDAG - STREEK 8)" -- Wel die persone wat gewerf moes word om hierdie spesifieke inlig-ting in te win moes soos Swapo mense, moes hulle beweeg tussen Swapo sodat hulle daardeur makliker inligting kon optel.

Net inligting? -- Ja.

Goed, nou sê vir my, Streek 6 se mense was hierby be-trokke nie waar nie? -- Op daardie stadium het ons nog geen mense gehad nie. Ons het toe gepoog om mense daar te kry om dit wel te kan doen.

Is dit so dat Streek 6 hierby betrek is? -- Ja.

Is dit so dat u selfs hier aanteken: "Bert (dit synde mnr. Staal Burger) stop en rig na Streek 8". Is dit reg? -- Dit is korrek, ja.

En is dit so dat u dan sê: "Werf lede vir Swapo 'under-ground'". Is dit reg? -- Ja, dit is deel van 'n plan om nader aan Swapo te kom.

Nou sê vir my, mnr. Slang van Zyl was deel van Streek 6 se personeel, nie waar nie? -- Ja.

Mnr. Slang/...

Mnr. Slang van Zyl was op hoogte van hierdie projek, nie waar nie? -- Ja, ek dink so.

Mnr. Slang van Zyl se getuienis voor hierdie Kommissie, wat nie aangeval is deur die regsverteenwoordiger van die BSB nie, was dat hierdie projek daarop gemik was om Swapo tydens die verkiesing te ontwrig. -- As dit sy siening is, dan is dit syne.

Maar mnr. Brits .... (tussenbei)

VOORSITTER: Maar u sien nou mnr. Bertelsmann, dit is nou die probleem wat ontstaan. U is nou besig met die getuie op kollaterale goed te ondervra en te kruisverhoor. U moet nou sy antwoord aanvaar, want dit bly kollateraal, nou het ek twee teenstrydige stellings oor die aangeleentheid en dit help my niks nie, want ek kan nie die probleem oplos nie. Gaan aan op 'n ander onderwerp asseblief?

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag.

VOORSITTER; U kan mos aan die hand van Van Zyl se getuienis die punt argumenteer.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag mnr. die Voorsitter. Mnr. Brits daar is enkele ander aspekte wat ek met u wil deurgaan. 3 Januarie: "Doelwitte vir die jaar 1989." Watter doelwitte was dit gewees, dit is item 5 op daardie bladsy.

VOORSITTER: Kyk na dit. -- Wel dit is seker soos enige organisasie of besigheid het doelwitte wat hy vir die jaar daar stel en dit was aan die begin van die jaar en daar is doelwitte neergelê.

Goed, kan u vir ons sê wat daardie doelwitte was, is dit êrens aangeteken? -- Dit moet êrens aangeteken wees. Ek kan nie heeltemal uit die vuis uit vir u sê nie.

Waar/...



Waar moet ons soek as ons daardie doelwitte wil vind? -- Ek

sou sê dit moet op die BSB-organisasie se lêers wees.

Een van die lêers wat nie beskikbaar is nie? -- Ek weet nie of dit beskikbaar is nie.

Nou as u sê die BSB se organisasie se lêer ...? -- Ja, dit is 'n spesifieke lêer wat handel oor die organisasie wat gaan van die stigting, verskillende aanbiedings wat gaan rondom die personeelplan, puntplan tot vandag.

Waar is daardie lêer gehou? -- Dieselfde soos enige ander lêer.

En onder watter een, is hy onder finansiële lêers of operasionele lêers gehou? -- Nee, dit was 'n organisasielêer. Die finansiële lêers en projeklêers is by dieselfde plek gehou.

Ek sien en die organisasielêer? -- Ja.

Het u toegang gehad tot hierdie organisasielêer? -- Nee, dit was suiwer vir die bestuurslede. Ek het nooit insae gehad nie.

VOORSITTER: Wie was die bestuurslede? -- Wel, die besturende direkteur en ek weet nie of hy dit met die streeksbestuurders bespreek het nie.

Maar u sê daar is bestuurslede? -- Ja, wat ek bedoel is sy streeksbestuurders op daardie vlak.

MNR. BERTELSMAN: Kom ons gaan na 16 Januarie toe. In die eerste instansie wie is "Barries"? -- Dit is die logistieke bestuurder.

Die logistieke bestuurder, goed. Dan het u die vierde aantekening hier: "Skryf memo vir Jaco oor R701." -- Nee dit is 701 rand.

Nou Jaco is wie? -- Dit is die finansiële bestuurder?

Ek/...



Ek volg. R701 waarna verwys dit? -- Ek kan nie onthou nie. Die bedrag lui nie 'n klokkie by my nie.

Dit is 'n bedrag wat by herhaling by u finansiële aan-tekeninge opkom asof dit 'n pensioenbydrae ....? -- O, dit is - nee, dit is 'n bedryfsuitgawe wat hulle per maand ontvang.

Met ander woorde is dit 'n bydrae tot sy reis- en verblyfkoste of wat? -- Nee.

Die spesifieke uitgawe is gemotiveer. Dit gaan oor lede wat operasioneel of in ander lande aangewend word soos met die gewone weermagstelsel kry so 'n persoon dan gevaartoelae - bedrae geld per dag en hierdie bedrag is opgemaak uit dit en dan ook ander relevante uitgawes wat 'n mens op 'n daaglikse basis aangaan.

Wie is Richard? Dit is die laaste aantekening voordat ons by die notas kom. -- Dit is 'n bewustelike lid van een van my ander projekte in Streek 6.

Wat is sy volle administratiewe naam? -- Sy van is Collins.

Ek sien. Goed, dan onder aan 16 Januarie: "Three days accommodation" en dan "lugfoto en straatkaart." -- Ja, ek onthou. Dit het spesifiek te doen met hierdie projek van Richard wat gegaan het oor 'n Afrikastaat.

Ek volg. Was lugfoto's en straatkaarte normale of die verkryging daarvan normale optrede ten opsigte van projekte? -- Wel as dit beskikbaar was, hoofsaaklik buiteland.

8 Februarie 1989 het 'n interessante aantekening. Die derde een aan die regterkant: "Bert - stilhou van verskillende projekte." Is dit 'n opdrag wat u daar neerskryf? -- Ja, dit het te doen met die mense van Streek 6. Hulle moet verkieslik nie bewus wees van mekaar se opdragte nie en dit is

die/...



die rede hoekom ek dit daar geskryf het om dit aan die streek-bestuurder oor te dra.

Ek sien. Goed, dan 10 Februarie, die tweede aantekening: "Ammo R4 000" en ek kan nie uitmaak wat die volgende punt was, Alladin of soiets? -- Nee, ek dink dit is "medies".

Wat beteken die "Ammo"? Is dit aan u ....? -- Ja, ek het op 'n gereelde basis vir die lede van Streek 6 het ek 9 milli-meter patrone in die hande gekry wat hulle dan gebruik het om hulle maandeliks op te knap met hulle pistoolskiet aktiwiteite.

Ek volg. 6 Maart, wie is Jeff Hailes? -- Dit is ook 'n administratiewe naam vir 'n lid van een van my ander projekte.

Lid van, verskoning? -- Van een van my ander projekte.

Van een van u ander projekte. Goed nou, aan die regter-kant in die middel staan daar: "N.B. Niks oopstuur oor faks. Kode." Wat beteken dit? -- As u 'n faksmasjien gebruik dan moet dit verkieslik in kodes gestuur word, die berig en nie oop nie. Afhangende van die sensitiwiteit van die boodskap.

Nou dié faks waarvan hier melding gemaak word, is dit 'n faks wat in Pretoria-Wes gestaan het of waar? -- Nee, dit is 'n faks wat ek vir een van my ander projekte aangewend het, vir Projek Crawler.

Ek volg. Was dit 'n faks wat u privaat besit het? -- Negatief. Dit is 'n faks wat van 'n kantoor, van die projek na die fasiliteit geïnstalleer is.

Ek sien, is daar enige - bestaan daar enige - is 'n faks ooit gebruik ten opsigte van Streek 6? -- Nee, nooit nie.

28 Maart 1989: "Die Pontigebou" wat is die relevantheid daarvan? -- Daar staan Pontigebou. Daar het 'n sekere in-sident plaasgevind met die besturende direkteur wat toe, waar

hy/...



hy die adres gebruik het van die Pontigebou wat toe geïmpliseer het dat, ek weet nie presies wat was die probleem wat ontstaan

het nie, maar die gebou is toe gekompromoteer. Dit is wat dit beteken.

Ek sien en is hy toe ontruim? -- Ja, hy is.

Ek volg. 4 April: "Lee." Wie is Lee?-- Dit is ook 'n administratiewe voornaam van 'n lid.

Ek volg. Nou op daardie selfde bladsy....wat is die lid se volle naam? -- Ek weet nie wat is sy, ek kan nie sy van onthou nie.

Het hy enigiets met Streek 6 te doen? -- Nee, niks nie.

Verder aan op die bladsy: "Praat met Fred oor rekenari-sering" en dan "Wettige nadering van inbring van fondse." -- Ja, dit is ook een van my ander projekte wat 'n buitelandse konneksie het en daardie fondse word dan vanuit 'n buitelandse rekening word daardie fondse dan hierso benut.

Hier? -- Ja.

Ek volg, die fondse wat hier ter sprake is, is dit fondse wat verkry is van staatsweë? -- Ja.

Weermagfondse? -- Ja.

Wat in die buiteland gehou word? -- Ja, u sien dit pas so in by die spesifieke projek. Die lede van die Kommissie wat die lêer, die spesifieke lêer gekyk het, sal weet waarvan ek praat. Die konneksie was in die buiteland en die gelde is op daardie manier in die binneland aangewend.

Wie was Hennie, 17 April? -- Dit is ook 'n administra-tiewe naam van 'n koördineerder in een van die streke.

En Marius, 18 April? -- Dit is ook 'n administratiewe naam van 'n lid.

Wat was sy van?

MNR. HATTINGH:/...



MNR. HATTINGH: Mnr. die Voorsitter, mag ek net 'n oomblik, ek

is self nie seker na watter Marius hier verwys word nie, maar in die algemeen my geleerde vriend vra nou elke keer wat was die administratiewe van van 'n lid. Ek wil aan die hand doen mnr. die Voorsitter dat hy eers vasstel of die naam wat daar verskyn 'n lid van Streek 6 is en indien nie, dan is dit nie ter saaklik vir die Kommissie nie en dan het ek beswaar daarteen dat hy administratiewe name van lede van ander streke openbaar, want daardie mense opereer onder daardie streke en in die streke waarin hulle bevind en dit is deel van die in-ligting wat ons u gevra het om te beveilig.

VOORSITTER: Goed, kom antwoord, is Marius 'n lid van Streek 6? -- Negatief.

Het hy binnelands opereer? -- Nee.

MNR. BERTELSMANN: Met respek. Dit sou die vraag wees of enigeen van daardie persone binnelands geopereer het.

VOORSITTER: Ja, ek dink ons begin dan daarso.

MNR. BERTELSMANN: Ja, dit is die eerste vraag wat vas gestaan het, met respek. Nou wie is Fred. Sy naam verskyn by her-haling hier in die ....? -- Dit is een van my binnelandse, ag nie binnelands nie, buitelandse projekte.

Goed. Het hy ooit in Suid-Afrika opgetree? -- Nee.

Goed, nou wie is Jeff? -- Ek dink u het my al gevra. Dit is ook 'n lid van een van my ander projekte.

Binnelands? -- Nee, negatief.

Het hy ooit binnelands geopereer? -- Nooit nie.

Ekskuus? -- Nooit nie.

En die Helen waarvan hier melding gemaak word? -- Waar sien u dit?

Hier, 21 April: "Saak Jeff. Saak regstel met Helen,

self/...

self sê hoe.  Wat beteken dit? -- Ek dink dit was 'n, dit is 'n persoon wat Jeff ken, wat hy toe met haar die saak moes uitklaar. Ek kan nie nou presies onthou watter saak dit was nie.

Die Frank van wie daar melding gemaak word? -- Ook 'n ad-ministratiewe naam.  Dit het niks met Streek 6 te doen nie.

Nee, maar het hy binnelands geopereer? -- Nee.

Goed, kom ons kyk na 24 April:  "Argitek hierdie week in Richardsbaai" staan daar nie waar nie, vir dieselfde voor-stelling? -- Ja.

Nou goed, Richardsbaai is binnelands.  Wat se voor-stelling was dit? -- Dit het ook te doen met die spesifieke projek waar u Fred se naam gereeld kan sien.  Dit het niks met binnelandse offensiewe aksies te doen nie.

Het dit met binnelandse defensiewe aksies te doen? -- Negatief.  Dit het suiwer 'n besigheidskonnotasie.

Hoe bedoel u suiwer 'n besigheidskonnotasie? -- Dit is die hele projek gaan rondom besigheid.

Maar is dit 'n binnelandse projek? -- Nee, dit is nie 'n binnelandse projek nie.

Ek sien.  Goed, as u sê dit gaan rondom besigheid, ek probeer net verstaan wat u sê, ek wil u nie die kuns afvra nie? -- Dit is 'n projek wat suiwer ingestel is om geld vir ie organisasie te maak.

Vir die BSB? -- Met ander woorde om ons begroting aan te vul, ja.

Verstaan ek dit reg?  U sê die BSB het private besighede bedryf om fondse vir die BSB te in? -- Dit is nie die hoofdoel van die projek nie.  Die hoofdoel van die projek bly nog steeds om doelwitte van die BSB na te kom, maar in die proses

om/...

om die geloofwaardigheid om bewegingsvryheid te bewerkstellig en die geloofwaardigheid kan daar winste gemaak word wat dan moet teruggeploeg word in die BSB.

VOORSITTER: Met ander woorde het hierdie projek 'n buite-landse operasionele doelwit gehad? -- Ja wat later kon ont-wikkel, maar dit het nooit ontwikkel nie.

MNR. BERTELSMANN: Kon daardie selfde fondse vir binnelandse operasionele doelwitte gebruik gewees het? -- Nee.

Waarom nie? -- Dit is 'n buitelandse projek. Die winste wat gemaak word, word suiwer vir daardie selfde projek gebruik om hom verder op te dateer of op te gradeer of .... (tussenbei)

Ja, maar nou sê u die projek het nie gerealiseer nie. Wat het nou van daardie fondse geword?-- Wat ek bedoel is, die operasionele aanwending van die projek het nog nie gerealiseer nie as gevolg van verskeie redes. Soos ek weer eens sê u is nie bewus van die projek nie. So dit is 'n bietjie moeilik om dit te verstaan, maar die agbare lede van die Kommissie het gekyk daarna. Ek verseker u dit is nie relevant in dié opsig nie.

Kom ons, wie is Amanda, 28 April? -- Goed, dit is ook 'n administratiewe naam van 'n vrou wat werk by BSB.

Nou sy het klaarblyklik iets te doen met Streek 6. Is dit reg? "Bel Amanda in verband met lêers - Streek 6". -- Ja.

Nou wat doen sy? -- Sy het ook by tye het sy die ander dame, Petro, het sy ook gehelp met die liassering van die lêers.

Die aantekening wat u hier maak, miskien moet ons nou eers die volgende vasstel: Dié Amanda, wat is haar van? -- Ek weet nie wat haar van is nie.

Ken/...



Ken u haar net onder Amanda? -- Ja, u sien ons gebruik net voorname en vanne is nie belangrik uit die aard van

ad-ministratiewe hoedanighede nie.

U bel Amanda in verband met lêers, Streek 6? -- Ja.

Met ander woorde moes sy vir u lêers verkry het vir Streek 6? -- Ja, sy het baie keer het sy die ander dame afgelos.

So daar was nog iemand wat met ander woorde die sleutels vir die lêers van Streek 6 kon hanteer het? -- Ek glo nie sy het die lêers, ag die sleutels altyd gehad nie, ek weet nie.

Nie altyd nie. U sê nou hierdie dame los vir die Petro Viljoen van tyd tot tyd af? -- Ja.

So met ander woorde as sy haar aflos moet sy ook toegang hê tot die sleutels? -- Ja, u sien. Ja, wat sy dan by Petro gekry het met ander woorde, ja.

Ek volg. Nou waar is hierdie Amanda?

<u>VOORSITTER</u>: Ons sal uitvind as ons haar nodig het mnr. Bertelsmann.

<u>MNR. BERTELSMANN</u>: Soos dit u behaag. Dan die volgende datum, 8 Mei 1989, die tweede laaste inskrywing onder: "Louis en Heiner oor ontwrigting." Wat beteken dit? -- Die persone wat daar genoem word is lede van 'n ander streek wat buitelandse projekte hanteer.

Is dit dieselfde Heiner as wat ons nou net oor gesels het? -- Wel daar is net een Heiner.

Nou sy naam het op 11 Julie ook opgekom nie waar nie? -- 11 Julie?

Ja.

<u>VOORSITTER</u>: Die Swapo optrede.

<u>MNR. BERTELSMANN</u>: Juis oor die Swapo optrede? -- Ja, dit is

reg/...



reg.

Goed. Nou Louis en Heiner oor ontwrigting. Het dit met daardie einste projek te doen? -- Nee, nie noodwendig nie, want

Louis het 'n spesifieke ander Afrikastaat waaraan hy opereer.

En dié Heiner? -- Hy is nie gekoppel by Streek 8 nie. Hy het 'n ander streek.

Ek volg. Nou as die bewering gemaak sou word dat hy by Streek 8 ingeskakel het, is dit nie reg nie? -- Ek weet nie of hy ooit ingeskakel was by Streek 8 nie.

Net so 'n oomblikkie mnr. die Voorsitter. Wat beteken 27 Junie 1989? Wat beteken "Bert een droë rondte. Burt te besig." Nou Bert weet ons is mnr. Staal Burger nie waar nie? -- Dit is korrek, ja.

Nou wat in u taalgebruik is 'n droë rondte mnr. Brits? -- Wel ek kon dink dat hy êrens heen moes gaan en miskien om iemand te gaan sien en dat die persoon nie beskikbaar was nie en dat hy toe in elk geval gegaan het om die ondervinding op te doen.

Nou wie Burt? -- Dit is die administratiewe naam van 'n ander lid van 'n ander streek.

'n Lid van 'n ander streek? -- Ja.

Nou waarop het hierdie projek betrekking? -- Ek kan dink dat dit miskien een van mnr. Burger se buitelandse projekte was, aangesien die naam van die ander persoon dui op 'n buite-landse storie.

As hier melding gemaak word van 'n droë rondte, beteken dit dat dit 'n mislukking was? -- Nee, dat hy in elk geval, dit nog steeds doen, maar ... (tussenbei)

Met ander woorde hy het 'n proeflopie gedoen? -- Ja.





Is dit wat dit beteken? -- Ja.

'n Sogenaamde "dry run" soos wat ons in Engels sou sê? -- Ja, dit is reg.

Ek sien. So dit sou beteken dat - dan die volgende

aantekening: "Drie weke vanaf nou weer aanlê en taak verrig." -- Ja.

Relevant word nie waar nie? -- Ja.

Ek volg. Ons het met 11 Julie gehandel. Nou 21 Julie, daar is 'n aantekening: "Detail Indiër." -- Ja.

Wat beteken dit? -- Wel ek kan spesifiek onthou dit is die projek waarop Maree gewerk het, het hy spesifiek gekyk na Indiërs, waar hy verbonde was aan vakbond organisasies en dies meer.

Hou dit verband met die aantekening wat ons verskeie kere in die dagboek kry: "NIC", Natal Indian Congress? -- Dit is moontlik, ja.

Ek volg. "Detail Indiër", wat sou dit beteken? Beteken dit dat dit 'n Indiese burger is wat, of altans dan 'n Suid-Afrikaanse burger van asiatiese afkoms wat genader word? -- Ja.

Het die BSB lede gehad in Natal wat van asiatiese herkoms was? -- Nee, nie dienende lede nie.

Nie dienende lede nie? -- Nee, hy was suiwer verant-woordelik om te kyk na mense daar, inligting in te samel.

Beteken hierdie aantekening dat dit 'n persoon is wat hom gehelp het om inligting in te samel? -- Nee.

Of is dit 'n persoon oor wie inligting ingesamel is? -- Ja.

Ek sien. Dit is met ander woorde 'n binnelandse projek? -- Ja.

Uit/...



Uit die aard van die saak. Wie was hierdie persoon of wie is hierdie persoon? -- U vra my vas, ek kan nie onthou nie. Al daardie detail sou u op die lêer gekry het.

Maar die lêer is natuurlik nou nie beskikbaar nie, nie waar nie. Is dit reg? -- Dit is korrek.

Ja, goed. Nou op 25 Julie verskyn die volgende aantekening:

"Bert (dit is nou Staal Burger) "underground dealer". Wat beteken dit? -- Wel as ek nou so vinnig dink dan dink ek daar was gerugte gewees dat hy hom besig hou met sogenaamde ondergrondse aktiwiteite.

Mnr. Staal Burger? -- Ja, wat iemand versprei het. Ek dink daar was 'n storie dat hy 'n smokkelaar ook was en ek wou dit bloot onder sy aandag bring dat hy vir my kan antwoord daarop.

Ek sien en waarmee sou hy dan so ondergronds gesmokkel of gehandel het? -- Dit is nie vir my om te sê of hy dit gedoen het nie. Ek het nooit die indruk gekry dat hy besig was met sulke goed nie.

Ek sien.

VOORSITTER: Maar wat was die gerug gewees, waarmee hy gehandel het? -- Daar was iewers 'n gerug gewees dat hy smokkel met goed.

MNR. BERTELSMANN: Ja, wat se goed? -- Wel dit was, as ek nou kan onthou - wel hy kan dit miskien beter onthou.

Nee, ons sal hom vra. -- Wel ek is nie seker nie, maar dit was iets wat onwettig was het ons 'n gerug opgetel en ek het toe met hom gaan praat rondom hierdie aspek.

Nou as dit ondergronds sou gewees het, wat sou dit gewees het?

VOORSITTER: Hy het gesê dit is onwettig? -- Iets onwettigs, ja.

MNR. BERTELSMANN:/...



MNR. BERTELSMANN: Nou kom ons gaan kyk na die notas op die-selfde bladsy onder. Daar is twee aantekeninge: "Twee voer-tuie deur gewerfde lid (Swapo) en Swapo ons genader" en dan die derde aantekening, wat beteken dit: "Teenproduk", dan kan ek nie lees wat daar staan nie "deurtrek" of soiets en dan: "Penetreer om 'sell-outs' te wurg." -- Nee te vang.

Of te vang, nou wat beteken dit? Hoe lees daardie hele

aantekening? -- Wel as ons begin van bo af gaan dit oor daar was voertuie wat mense vir ons moes gemonitor het om te gaan kyk na hulle bewegings, dit is moontlik waarna die eerste in-skrywing verwys. "Swapo ons genader", ek weet nie, dit kan enigiets beteken. Ek is nou nie seker nie. Dit is te krip-ties wat ek self kan onthou. Die laaste een, ek weet nie. Dit sê nou nie veel vir my op hierdie stadium nie.

Wel, probeer om "sell-outs te vang". Wie se "sell-outs" moet u vang, waar is die "sell-outs"? -- Ek dink dit is 'n storie wat ons later vir die mense gegee het om te kon ge-bruik dat die rede hoekom hy nou sê hy is van Swapo was om "sell-outs" van die Swapo-regering te vang. Dit is die rol wat hy vervul. Dit is 'n dekstorie met ander woorde.

En wat beteken hierdie eerste gedeelte: "Teenproduk deurtrek" of wat, ek kan nie hier verstaan wat u ...? -- Nee, ek ook nie, dit is vir my te kripties.

Wat staan daar? -- Nee, dit is wat u sien "deurtrek". Dit maak nie vir my sin nie.

Soos dit u behaag mnr. die Voorsitter. Wie is Andrew? -- Dit is die, dit is ook 'n lid van ... (tussenbei)

Dit is 7 Augustus waarna ek verwys mnr. die Voor-sitter. -- Dit is ook die naam van 'n lid, dit is die per-soneel bestuurder.

Ek/...



Dit is binnelands? -- Die personeelbestuurder van die BSB.

Van die BSB. So met ander woorde dit is, wat is sy van? -- Weer eens kan ek nie vir u sê nie.

U kan nie sê nie. Dié Richard, is dit 'n binnelandse of buitelandse operateur? -- Nee, buiteland.

Ek volg en Dolf wat by item 2 genoem word? -- Dit is ook die administratiewe naam van 'n persoon.

Waar is hy aktief? -- Hy is die koördineringsbestuurder.

Het hy 'n van? -- Nee.

MNR. HATTINGH: Mnr. die Voorsitter, hy sê hy is 'n koördine-ringsbestuurder, dan moet hy uit die aard van die saak by 'n ander streek wees.

MNR. BERTELSMANN: 'n Koördineringsbestuurder kan by al die streke wees mnr. die Vorsitter, dit is soos wat ek dit ver-staan? -- Wel, hy kan inderwaarheid die koördineerders met ander woorde kan hy koördineer.

Ja, so met ander woorde hy het 'n sentrale binnelandse funksie in die bestuur van BSB. Verstaan ek reg? -- Wel, ek het ook met hom geskakel.

Presies. Nou wat is sy van? -- Nee, ek weet nie wat sy van is nie.

Goed, kom ons kyk na 11 Augustus: "Bert nie Maandag be-skikbaar - hooggeregshof." -- Dit is korrek, ja.

In watter verband is die hooggeregshof hier belangrik? -- Nee, ek dink dit is irrelevant.

Goed, wie is Nikos Olivianos, 17 Augustus? -- Dit is ook die naam van 'n Griek wat .... (tussenbei)

Ja, u sê so in u aantekeninge. -- Wat ek êrens gekry het en wat ek met Bert wou uitgeklaar het.

Binnelands/...



Binnelands of buitelands? -- Wel nee, hy is seker dan 'n buitelandse Griek.

Hoekom sê u so? -- Want ek dink ons wou kyk of ons nie met hom 'n konneksie kon optel in die buiteland nie.

Ek sien. Goed, kom ons kyk na 28 Augustus. Wie is die persone wat hier genoem word: Jess en Hein en Shannon? -- Dit is administratiewe name en ek dink Shannon is die naam van 'n lêer,

as ek reg onthou.

Ja goed, is dit 'n binnelandse of buitelandse ...? -- Nee, buitelandse.

Theo en Nic? -- Dit is ook administratiewe name.

Binnelands? -- Negatief.

Ek volg. Dit item 4 of altans 5, Dave Martin BD se naam? -- Ja.

Wat beteken dit? -- Dit is die BD se administratiewe naam het verander na daardie naam.

Ek volg. Goed, dan: "Braam enigste reg. punt, punt 8." -- Registrasiepunt.

Ek sien, wat beteken dit? -- Hy is die sentrale persoon verantwoordelik vir registrasie by die ander kantoor.

Vir registrasie van ...? -- Van lêers.

Ek volg. Sit op skrif: "Deon waarskuwing." Wat beteken dit? -- Ek dink dit was soos u bewus is van die tyd toe hy op ys geplaas is. Toe hy, ek dink dit was die probleem wat hy en Barnard opgetel het met die monitering van Bruce White wat hy onwettig uitgevoer het toe is daar 'n skriftelike waarskuwing gerig dat hy vir 'n tydperk op ys geplaas word.

En daar sou 'n afskrif van daardie waarskuwing op die lêer gewees het? -- Op sy persoonlike lêer, ja.

Wat nou ook weg is né? Goed, wat oor is van 31

Augustus/...



Augustus - wie is Raoul Mendez? -- Dit is ook 'n admini-stratiewe naam van 'n persoon in 'n ander streek.

Het hy ooit binnelands geopereer? -- Nee, nooit nie.

Ek sien. Coert? -- Ook die naam van 'n koördineerder.

En wat waar aktief is? -- Wat 'n buitelandse streek aktiveer.

Nou hier onder die notas die volgende: "Vic - radio's".

-- Ook 'n administratiewe naam vir 'n persoon wat kennis het van radio's.

Binnelands? -- Nee, wel ... (tussenbei)

Is hy binnelands gestasioneer? -- Ja, maar hy het niks te doen met binnelandse projekte nie.

Shane de brief - 5 September.

VOORSITTER: Debrief.

MNR. BERTELSMANN: Joseph. -- Ja, dit gaan oor 'n buitelandse projek waaraan dié mense opereer.

Ek volg. Ek is net besig om seker te maak, wat beteken 3 Oktober, die volgende aantekening: "Alle in kluis." In kluis nie as een woord nie, maar as twee woorde "deur Braam."
-- Wel ek kan net dink dat alles wat in die kluis is moet deur Braam gaan, deur sy registrasiepunt.

5 Oktober - "Finale koördinasie vandag. Geld skuif." Wat beteken dit? -- Ja, dit het gegaan oor 'n spesifieke buitelandse projek waar ons 'n finale koördinering gehou het oor die skuif van geld.

Kom ons gaan na 28 April toe. Nou mnr. Brits op 28 April 1989 verskaf u weer eens ammunisie. Is dit reg? -- Ja.

En waar het u dié ammunisie vandaan gekry? -- Dit kom van ons logistieke stoor af.

Ek volg. Nou sê vir my, mnr. Brits, u het ammunisie

verskaf/...



verskaf in alle klasse en kategorieë nie waar nie? -- Wel daar was suiwer 'n behoefte vir 9 millimeter patrone, want dit is die pistole wat hulle gehad het.

Ek sien en as daar 'n ander behoefte was soos byvoorbeeld 'n kleefmyn of 'n ander item? -- Daardie tipe hardeware is nie beskikbaar in die stoor nie.

Maar dit kan verskaf word as dit nodig is, nie waar nie? -- As dit beskikbaaris, ja.

Nou as dit benodig word sou u dit kan vind nie waar nie, daar is getuienis tot dié effek voor die Kommissie reeds? -- Ja, wel as ek ... (tussenbei)

Dat u dit gedoen het. -- As ek dit wou gehad het sou ek gevra het, ja.

So die aard van die ammunisie as sodanig sou nie 'n beletsel op u vermoë om dit te verskaf, geplaas het nie, nie waar nie? -- Nee.

Nou ons het reeds op die toevalligheid van u vorige wapenverskaffing en 'n gebeurtenis wat deur die Kommissie ondersoek word gewys, ek wil nie weer daarna verwys nie, maar in daardie geval was daar 'n verskil van plus-minus drie dae tussen die datum waarop u die ammunisie verskaf het of dan die toerusting verskaf het en die gebeurtenis. Is dit toevallig, bloot toevallig dat daar in hierdie geval weer drie dae tussen u verskaffing van die ammunisie en 'n voorval verloop? -- Wel, dit is - dit kan niks anders as toeval wees nie.

U is bewus van watter voorval ek praat nie waar nie? -- Ja, u praat van die een Mei-voorval?

Ja en dit is David Webster? -- Ja.

En u sê dit is bloot toevallig? -- Wel ek het klaar vir u gesê dat ek het elke keer net vir hulle 9 millimeter patrone

gegee/...



gegee.

Wel die getuienis is baie duidelik dat u ander goed ook verskaf het.

VOORSITTER: Ja, hy ontken dit.

MNR. BERTELSMANN: Mnr. Brits, as 'n mens nou na die geval Webster

verwys dan wil ek u in daardie verband verwys na u verklaring, paragraaf 12, het u u verklaring voor u? -- Onge-lukkig nie, nee.

Dit is nie nodig nie:

"Ek is deur amptenare van die Kommissie versoek om te handel met BSB se betrokkenheid by die Webster-moord. Die BSB

was nie by Webster se moord betrokke nie. Indien dit 'n

projek van Streek 6 was sou ek daarvan kennis ge-dra het." Is wat u sê nie waar nie? -- Ja.

Is u tevrede met wat u hier gesê het? -- Ja.

U wil niks byvoeg daarby nie? -- Nee, ek het niks verder te sê nie.

Nou mnr. Brits is dit nie vir u, selfs met nabetragting 'n formulering wat, van u reaksie op die beweerde betrokken-heid by David Webster se moord wat vir u self ontstellend is nie?

VOORSITTER: Wat is die punt, wat wil u nou van die getuie weet?

MNR. BERTELSMANN: Want wat interessant is mnr. Brits is dat u nie sê die BSB pleeg nie sluipmoorde nie, nie waar nie. Dit is nie wat u sê nie? Wat u sê is as hierdie sluipmoord 'n projek van Streek 6 was dan het ek daarvan geweet? -- Ja.

Met ander woorde mnr. Brits, dit is 'n billike afleiding om te maak dat indien daar 'n opdrag aan Streek 6 gegee is om

dr. Webster/...



dr. Webster te vermoor, dan sou Streek 6 daardie opdrag uitge-voer het? -- Ek kan nie sê dit sou gebeur het nie.

U kan dit ook nie ontken nie? -- Wel, dit is 'n binne-landse operasie wat nie hier plaas mag vind nie.

U sê nie in u eie verklaring die BSB pleeg nie sluip-moorde nie. U sê hierdie spesifieke sluipmoord was nie ons projek nie.

VOORSITTER: Ja, dit is die vraag wat aan om gestel is, is dit nie?

MNR. BERTELSMANN: Ja. So ek stel dit aan u dat in u eie for-mulering sê u vir hierdie agbare Kommissie, as dit ons opdrag is dan het ons dit gedoen? -- Nee, ek sê dit nie.

Mnr. die Voorsitter, dit is feitlik 11h15. Ek dink nie ek sal nog enigiets met die getuie verder nodig hê nie, maar ek wil net gou my notas deurgaan as dit u sou pas.

DIE KOMMISSIE VERDAAG VIR TEE. DIE KOMMISSIE HERVAT NA TEE.

CHRISTO BRITS, nog steeds onder eed:

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BERTELSMANN: Net nog enkele aspekte. Ek het u getuienis verstaan tot dusver dat u gesê het u was basies as koördineerder in 'n bloot admini-stratiewe funksie betrokke. Is dit reg? Is dit die indruk wat u graag wil skep?-- Wel, dit was sekerlik 80% my rol.

Ja en as daar dan nou suggesties gemaak sou word sonder om nou in besonderhede te gesels oor aspekte waaroor u verkies het om te swyg, dat u 'n aktiewe rol in die projekte van die BSB gespeel het, wat sou u reaksie daarop wees? -- Wel, ek het gepoog, ja.

U het gepoog? -- Ja.

So, met ander woorde u stem saam dat 'n koördineerder inderdaad 'n positiewe rol speel in die ontwerp, die

ontwikkeling/...



ontwikkeling, beplanning en ook hier en daar die uitvoer van projekte. Is dit reg? -- Wel ja, dit hang seker van die streekbestuurder se leierstyl af of sy leierseienskappe af, werklik hoe betrokke is die koördineerder.

Nou u sê wat u eie persoonlike situasie betref het u wel van tyd tot tyd in projekte 'n aktiewe aandeel gespeel? -- Ja, in die buitelandse projekte.

Ja. Nee, ons praat nou van binnelandse projekte? -- Goed, ek was deel van baie beplannings, ja.

En u het ook self idees gehad wat u voorgestel het en wat later in die praktyk omgesit is of pogings aangewend is om in die praktyk om te sit.  Sou dit reg wees? -- Ja, daar was baie idees, maar ek sal nie sê dit was met 'n spesifieke doel om dit om te sit in die praktyk nie.

Wel, as daar gesê sou word dat u sekere projekte self ontwikkel het, self voorgestel het, sou u dit betwis, dit is nou binnelandse projekte? -- Ek het geen binnelandse projek self ontwikkel nie.

Geen ook self voorgestel nie? -- Nee.

En as mnr. Van Zyl in dier voege getuig het dan sê u dit is nie reg nie? -- Nee, dit is nie reg nie.

Nou mnr. Van Zyl het verder, u het baie interessant, in verband met BSB se binnelandse en Streek 6 se werksaamhede getuig dat daar by herhaling beklemtoon is dat Streek 6 nie 'n inligtingsinsamelingsfunksie as sodanig gehad het nie, wat sê u daarvan? -- Wel ek is bevrees dit is sy persepsie van die saak.

Maar hoe is dit moontlik dat hy so 'n persepsie ontwikkel het?  Hy staan dan direk onder u en die streeksbestuurder nie waar nie.  Is dit reg? -- Ja.

En/...



En u en die streeksbestuurder volgens u getuienis is ver-antwoordelik vir die persepsie wat mnr. Van Zyl het nie waar nie? -- Sekerlik, ja.

En mnr. Van Zyl sê daar is by herhaling aan hulle gestel dat die insameling van inligting nie hulle funksie is nie.  Hulle is in die BSB om aktief te wees. -- Nee, dan het hy sy persepsie later verander.

Nee-nee. -- Hy was bewus van presies wat van hom verwag is

en die inligting was noodsaaklik gewees om dit verder te kon vat indien daar pyplyne beskikbaar is.

Maar dit gaan daaroor wat ten opsigte van mnr. Van Zyl en die ander lede van die BSB inderdaad ten aansien van hulle funksie beklemtoon is nie waar nie? En is ek reg as ek vir u sê dat u as koördineerder, langer in die BSB was as enigeen van òf mnr. Staal Burger, Slang van Zyl, Calla Botha of die ander persone? -- Dit is korrek, ja.

So as dit kom by styl, by funksie, by die inlywing van nuwe lede, sou u die persoon gewees het met wie hulle die meeste kontak gehad het, nie waar nie.

(DAAR WORD OORGESKAKEL NA 'N ANDER KASSET).

K52. VOORSITTER: Mnr. Bertelsmann, u stel iets wat mnr. Van Zyl nie gesê het nie. Mnr. van Zyl het gesê:

"Ons is meegedeel dat hierdie eenheid en spesifiek ons streek enersyds 'n inligtingseenheid was, maar dat daar ook optredes geloods word uit hoofde van ingesamelde in-ligting."

Nou sê u dat hy het gesê hulle was glad nie 'n inligtingseen-heid nie.

MNR. BERTELSMANN: Kan ek u verwys u edele, ek wil net gou graag na die bladsy kyk, 738 ... (tussenbei)

VOORSITTER:/...



VOORSITTER: Dan het hy weersprekende getuienis gegee, want ek het hierso, in die BEWYSSTUK C10, bladsy nege, het ek nou vir u voorgelees, dan moet u sê hy het weersprekende getuienis gegee.

MNR. BERTELSMANN: Mag ek u net na die betrokke passasie verwys?

VOORSITTER: En hy gaan verder:

"Hoewel ons van tyd tot tyd inligting sou inwin, is dit aan ons duidelik gestel dat ons belangrikste taak, ont-wrigting sou wees."

MNR. BERTELSMANN: Maar dit is, met respek, wat ek gestel het.

VOORSITTER: Nee, soos u dit gestel het, was dit nie hulle taak om inligting in te win nie.

MNR. BERTELSMANN: Maar mag ek dit net aan u stel of u net verwys na bladsy 738, Van Zyl se getuienis, mnr. die Voor-sitter:

"Ja, ek wil dit aan u stel dat ons was nie 'n inlig-tingsorganisasie nie en dit was pertinent aan ons gestel dat ons nie moet uitgaan om inligting in te samel oor persone, organisasies, daarvoor was daar 'n bestaande netwerk."

VOORSITTER: Maar dit is nie wat hy in hoof gesê het nie so, ja.

MNR. BERTELSMANN: "Ons moes slegs die vyand ontwrig, uitvoer gee aan goedgekeurde projekte" en daar is verskeie ander pas-sasies waarna ek u sou kan verws.

VOORSITTER: Nee, maar al punt wat ek wil maak is dan het hy weersprekende getuienis afgelê.

MNR. BERTELSMANN: As mnr. Van Zyl sou beklemtoon het, kom ons stel dit vir u so: Dit is duidelik uit u eie getuienis dat

Streek/...



Streek 6 nie net inligting ingesamel het nie, nie waar nie? -- Ja.

En in daardie opsig verskil u in ieder geval nie van die vorige getuie nie, korrek? --Ja.

Dit blyk uit u getuienis dat u in u persoonlike hoedanig-heid verskeie rolle vervul het, nie waar nie? U was koördi-neerder van Streek 6 wat, as ek u reg verstaan, 'n suiwer binnelandse funksie was. Is dit korrek? -- Wel, soos in my verklaring nie suiwer binnelands nie, bloot geografies binne-lands.

Geografies binnelands. Wat betref die verskillende funksies wat u net vir Streek 6 vervul het was daar binne-landse optredes en buitelandse optredes wat u onder die vaandel van Streek 6

uitgevoer het. Is dit reg? -- Dit is korrek, ja.

U was daarbenewens by twee ander streke betrokke, korrek? -- Ek moet vir u sê dat die, in 'n mindere mate by die een streek, maar in 'n meerdere mate by die een streek,ja.

En dit wil vir my dus voorkom asof u in u hoedanigheid, sowel buitelands asook binnelands geopereer het, nie waar nie? -- Ja.

Dit is ook korrek, volgens wat ons vandag deurgegaan het, vanoggend deurgegaan het, dat sowel u - dat mnr. Staal Burger sowel buitelands as binnelands geopereer het. Is dit reg? -- Ja.

En in verskeie streke geopereer het? -- Wel, ek weet net van die Streek 8 aangeleentheid.

Maar dit is Streek 8 en Streek 6 nie waar nie? -- Ja.

Is dit so dat ook ander operateurs van die BSB, binne-lands en buitelands besig was? -- Ek dra nie kennis van ander

streke/...



streke se bedrywighede nie. Ek kan nie daardie vraag antwoord nie.

As daar getuienis tot dien effekte voor die Kommissie ge-plaas sou word dat buitelandse operateurs ook binnelandse op-dragte ontvang en uitgevoer het dan sou u dit nie kan betwis nie? -- Wel ek weet dit nie.

Die Projek Parker, dra u daarvan enige kennis? -- Ja.

Is dit 'n binnelandse of 'n buitelandse projek? -- Dit is 'n buitelandse projek.

Sê die naam Mahlaba vir u enigiets? -- Ek het al die naam gehoor, maar ek weet nie waar nie, in watter konnotasie nie.

Het u dit gehoor in die verband, in u hoedanigheid as lid van die BSB? -- Ek weet nie waar het ek die naam gehoor nie. Ek weet nie eers in watter verband dit nou is nie.

Ek sien. As ek vir u verder daarop wys dat mnr. Mahlaba

'n prokureur in Natal is, ek meen in Durban, help dit vir u? -- Nee, ek verwar dit moontlik met iemand anders. Nee, dit was nie in daardie verband nie.

Herinner u u aan 'n projek waarin mnr. Mahlaba 'n rol kon gespeel het? -- Nee, nooit nie.

Goed, in u dagboek is daar verskeie verwysings na inge-nieurs, na 'n sekere ingenieur, Bernard Heyns, kan 'n mens dit en wel op 15 Septemer, 21 September en 27 November? -- Ja.

Kan u ...? -- Dit is 'n administratiewe naam wat toegeken is aan 'n lid wat by my ander projekte betrokke was.

Ek sien, wat het die spesifieke ingenieur gedoen, want hy is betaal R4 274,55 vir werk wat hy gedoen het. Is dit reg? -- Ja, dit is vir my moeilik om die vraag te beantwoord, aangesien dit kan 'n indikasie gee van die tipe projek wat dit was.

Ek/...



Ek volg. U sê dit het niks binnelands te doen nie? -- Nee.

As deel van die diensvoorwaardes of dan byvoordele as 'n mens dit so wil noem wat die BSB aan sy lede aangebied het, het dit die betaling van regskostes ingesluit? -- Nee, ek is nou nie seker wat sê die finansiële plan, wat die beleid is nie.

Nee, ek vra u na die praktyk. -- Of dit deel was van die dienskontrak?

Ja. -- Nee, dit was nie so gestel nie.

Is daar beloftes in daardie verband gemaak? -- Nee, nie wat ek my aan kan herinner nie, maar soos ek sê dit mag moontlik op die personeelplan ... (tussenbei)

Ekskuus mnr. die Voorsitter, my geleerde vriend wil met my kommunikeer. O, verskoning. Ek verstaan daar is 'n probleem met die opnamemasjien.

DIE KOMMISSIE VERDAAG. DIE KOMMISSIE HERVAT.

CHRISTO BRITS, nog steeds onder eed:

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BERTELSMANN: Ons was op die aspek van regskostes mnr. Brits. Is daar enigiets in verband met die betaling van regskostes wat moontlik sou voortspruit uit potensiële vervolgings, aanklagtes teen lede van BSB vanweë hulle bedrywighede ooit aan die lede gesê? -- Gesê?

Ja, belowe? -- Wel ek is seker dit moes deel van die induksiekursus, ek is nou net nie seker van wat in die personeel of die finansiële plan staan nie, maar ek is seker daar is 'n onderwerp wat handel oor moontlike geregtelike ge-dinge wat mag ontstaan en dit daar behandel sou gewees het, ja.

Was/...



Was u by by die induksiekursus?-- Ek was baie daarso, maar nie altyd by by die lesings nie. Ek het maar daar rondgestaan.

Het u nie self lesings gegee nie?-- Nee, moontlik mag gepraat het in 'n nie-amptelike hoedanigheid, nooit formeel lesings gegee nie.

Is dit so dat in een besondere geval regskostes van een van die BSB-lede inderdaad betaal is? -- Nie wat ek van weet nie.

Kan u daaroor kommentaar lewer, sou u dit geweet het as dit gedoen is?

VOORSITTER: Mnr. Bertelsmann, ek weet wat die posisie is.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag. Op dieselfde ver-lenging is u ooit belowe dat indien enige van die bedrywig-hede van die BSB aan die lig sou kom u teen strafregtelike vervolging gevrywaar sou wees? -- Nee, dit is verregaande, nee.

Nie? -- Nee.

Was enigiemand anders volgens u kennis so 'n belofte gegee? -- Nee.

Sou u daarvan geweet het as so 'n belofte aan 'n lid gemaak

is? -- Dit sou sekerlik later aan my genoem gewees het ja, maar nee, niemand het met my daaroor gepraat nie.

U dra geen kennis daarvan nie? -- Nee, glad nie.

<u>KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BRITS</u>: U het getuig dat u die skakel is tussen die buitekring en die binnekring? -- Dit is korrek.

En beteken dit dan ook dat inligting wat van die man in die veld verkry is dat deur u gaan dit na die buitekring toe, na die topbestuur van die BSB? -- Na die binnekring toe met

ander/...



ander woorde. Ja u sien ... (tussenbei)

U het getuig, soos ek dit onthou dat mnr. Burger, die voorsitter en die besturende direkteur deel van die buite-kring was.

<u>VOORSITTER</u>: Nee, hulle is deel van die binnekring.-- Hulle is in die binnekring. As dit van toepassing is dan sal die in-ligting ook aan hulle oorhandig word, ja.

<u>MNR. PRETORIUS</u>: Maar deur u? -- Nee, ek oorhandig dit aan die besturende direkteur. Op sy vlak skakel hy weer met die voor-sitter en daardie mense.

Maar op een of ander stadium kom die inligting deur u, is dit nie? -- Ja, ja. Of deur my òf deur die streekbestuurder wanneer hy sy sittings het met die besturende direkteur.

En as inligting teruggaan na die man in die veld toe, gaan dit ook deur u? -- Of deur die streekbestuurder.

Nou hoe werk dit in verband met inligting wat van die man in die veld verkry is? Word dit net aanvaar, word dit nage-gaan, verwerk, wat gebeur? -- Indien daar alreeds inligting bestaan. Met ander woorde hierdie lyste wat die Kommissie ook onder andere op beslag gelê het, daar was bestaande lyste, meesal ou lyste en dan is die inligting teenoor dit is dit nagegaan vir juistheid,

korrektheid en dit is dan opgedateer indien nodig, dit is korrek.

Maar ek praat nou spesifiek van inligting wat van u agente verkry is? -- Ja, nee-nee dieselfde, dieselfde daarmee.

Hoe is dit verwerk of nagegaan? -- Ek het dit met die persoon betrokke, sy naam is Derek, ek het met hom gepraat rondom hierdie mense en ek en hy het baie keer saamgesit of hy het vir my 'n prysie gegee en ek het self daarna gekyk.

In die algemeen as sê nou byvoorbeeld inligting is

verkry/...



verkry oor 'n spesifieke persoon in die binneland en die in-ligting gaan oor sy bedrywighede of wat ookal en die inligting word na u toe gebring, wat doen u om daardie inligting na te gaan? -- Na te gaan?

Ja of gaan u die inligting na? -- Ja-nee, ek het nou net vir u gesê dat indien daar bestaande inligtingstukke beskikbaar is word dit daarmee nagegaan. Indien dit nie be-staan nie, dan word daar meer klem gelê op die persoon wat die inligting insamel om meer ander relevante inligting in te samel dat ons dit kan nagaan vir juistheid en vir korrektheid.

Maak u staat ooit op inligting van ander staats-instansies? -- Ja, dit is die ou inligting waarna ek verwys. Ek is nie altyd seker hoe op datum die inligting is nie. U kan miskien dié vraag vir die ander persoon Derek vra, maar van die inligting was baie keer oud gewees.

Nou u het ook gesê dat inligting wat verkry is oor binnelandse bedrywighede normaalweg onder die Suid-Afrikaanse Polisie se aandag gebring is? -- Dit is korrek.

Onthou u dit? -- Ja.

En ek dink en stel my reg as ek verkeerd is asseblief, u het gesê in u getuienis dat u kan een sulke voorval onthou waar die

inligting oorgegee is na die Suid-Afrikaanse Polisie? -- Ja.

Kan u vir ons sê wat daardie inligting was? -- Ek weet nie of ek by magte is om dit te sê op hierdie stadium nie, as gevolg van die Wet op die Openbaarmaking van Inligting nie.

Wel, waaroor het dit gegaan? -- Dit het gegaan oor 'n groep opgeleide ANC-terroriste wat die land vanuit 'n buur-staat binnegekom het.

So kan ek dus aflei dat u kan niks onthou van enige

inligting/...



inligting in verband met vakunies wat na die polisie oorgegee is? -- Nie van my af nie, nee.

En oor individuele lede van die vakunies, Naidoo Rama-poosa? -- Nee, nie van my af nie, nee.

So daardie normale kanale is nie gebruik vir daardie soort mense volgens wat u kan onthou nie? -- Ja.

VOORSITTER: Wel dit voorveronderstel dat daar inligting was.

MNR. PRETORIUS: Ek sal later daarby kom. Nou ons het gehoor dat Projek Onus deur Chappie Maree bestuur is. Is dit korrek? -- Dit is korrek, ja.

En ons het ook gehoor dat hy in Natal gewerk het? -- Ja.

Wat het hy daar gedoen? -- Hy het suiwer op die vakbond-unies daar gekonsentreer in die provinsie in sy geheel.

Net in Natal? -- Ja.

Of elders ook? -- Nee, net in Natal spesifiek.

Hoekom net in Natal? -- Wel geen spesifieke rede nie, hy is bloot net daar ingedeel.

Maar ek vind dit vreemd, hoekom as u vakunies wil of in-ligting oor vakunies wil verkry hoekom net in een provinsie, hoekom net in Natal? -- Nee, die ander mense was weer in die ander provinsies aangestel en ek as my net kan korrigeer en al die mense was dan

verantwoordelik vir die P.W.V.-gebied.

Nou volgens die komperuitdruk, BEWYSSTUK C28 is R35 000 oor 'n tydperk van drie maande gespandeer onder Projek Onus. -- Ja.

Dit sou in Natal gewees het? -- Ja.

Suiwer vir die verkryging van inligting van vakunies? -- Ja en die daarstelling van netwerke op die grond wat juis nader kan kom aan mense waarvan jy inligting wil hê.

Wat nog het mnr. Maree in Natal gedoen? -- Nee, dit is

suiwer/...



suiwer net daardie aangeleentheid.

Net vakunies is u seker daarvan? -- Ja wel, ek kan nou nie so spesifiek, u weet dit is moeilik om sonder die lêer te praat as ek nou graag wou terugverwys na wat gedoen is.

Maar ek praat nou van verlede jaar? -- Ja.

U sê al wat u kan onthou is dat hy suiwer met vakunies daar gewerk het? -- Ja.

Watter vakunies? -- Wel hoofsaaklik dink ek die NIC. Daar is sekere ander ook. Ek kan net nie onthou nie. Ons het 'n wye spektrum gedek.

VOORSITTER: Wat was Maree se administratiewe naam? -- S.le Roux.

MNR. PRETORIUS: Nou u het ook getuig dat u ondersteuning gekry het van ander staatsinstansies, weermaginstansies, onthou u dit of het u nie? -- Ja, dit was die tydperk voor November 1988.

En na November 1988? -- Het ons die bande gesny met die bestaande instansies of agentskappe.

En waarvandaan het u hulp daarna gekom? -- Ons het toe van daardie bestaande inligtingsverslae het ons saam met ons geneem en toe hoofsaaklik op ons eie vermoë gesteun.

En wapens, waar is dié gekry? -- Die wapens was deur middel van 'n ander projek en in 'n ander streek was wapens bekom.

Ek sien. Was u ooit bygestaan deur iemand van 'n mediese regiment? -- Nee, nie wat ek van weet nie. Ek is nie altyd bewus van waar lede vandaan kom nie.

Nou toe die Kommissie aangestel is toe u van die Kommissie gehoor het Februarie of Januarie vandeesjaar, het u streek 'n vergadering gehou? -- Nee.

Glad/...



Glad nie?

VOORSITTER: Kom ons vra dit weier: Is daar 'n vergadering gehou by BSB as gevolg van die aanstel van die Kommissie? -- Wel ja, ek dink daar was wel 'n koördineringsvergadering gehou waar dit amptelik aangekondig is, maar die lede van Streek 6 soseer, kan ek nou nie onthou of daar 'n spesifieke vergadering was rondom dit nie, nee. Miskien die besturende direkteur en die streekbestuurder, maar die groep in geheel, nee, ek kan dit nie onthou nie.

MNR. PRETORIUS: Laat ons nou eers met die Streek 6 aange-leentheid handel. Ek is seker dat as daar so 'n vergadering gehou was sou u daarvan onthou het? -- Ja.

Nou hoekom sê u u kan nie onthou nie? -- Nee, want ek is nie bewus daarvan nie. Ek is nie bewus van 'n vergadering wat gehou is waar al die mense van Streek 6 betrokke was nie.

Party van die mense? -- Ek weet van mnr. Burger en mnr. Verster, het gepraat.

In u teenwoordigheid? -- Wel, ja ek dink by een geleent-heid.

En wat is daar bespreek? -- Wel net die feit dat die Kom-missie aangekondig is.

Is dit al? -- Ja en ... (tussenbei)

Wanneer is die vergadering gehou? -- Ek dink dit was 'n dag of twee daarna.

En waar? -- Dit kan enige plek wees, ek kan, ek is nie seker waar dit gebeur het nie.

En u sê u was daar? -- Ja.

Mnr. Burger en mnr. Verster? -- Ja.

Iemand anders? -- Nie wat ek nou, nee.

En u sê al wat u kan onthou is dat die aanstel van die

Kommissie/...



Kommissie daar aangekondig was? -- Ek kan nou nie fyn detail onthou nie, dit is ... (tussenbei)

Maar ek wil nie fyn detail hê nie, ek is bereid om die breë detail te aanvaar. -- Wel daar was, dit het gegaan oor samewerking en die kry van regsmense.

Wat se samewerking? -- Om samewerking te gee.

Vir die Kommissie? -- Ja. Ek het ongelukkig nie notas daarvan in my boek nie. So ek kan nie, dit was nie nodig om notas te neem nie.

Nou het u ooit opdrag gekry om alle dokumente in verband met die BSB wat in u besit sou gewees het oor te handig aan iemand? -- Oor te handig?

Ja. -- Nee.

Nooit so 'n opdrag gekry nie? -- Nee.

Het u ooit van so 'n opdrag gehoor? -- Dat dokumente oor-handig moes word?

Ja, na die Kommissie byvoorbeeld? -- Na die Kommissie toe, ja.

U het van so 'n opdrag gehoor? -- Ja.

Het u die opdrag gekry self? -- Ja.

Wanneer, wie het u die opdrag gegee?-- Ek dink dit het van mnr. Verster gekom.

Wanneer? -- Ek kan dit nie onthou nie, maar dit is nadat die

Kommissie dit vir die eerste keer gevra het. Ek weet nie wanneer dit is nie.

Hy het vir u gesê u moet alle dokumente oorhandig? -- Wel, daar is gesê dat dokumentasie wat die Kommissie aanvra, moet beskikbaar gestel word, maar hy was reeds bewus van die feit dat Streek 6 se dokumentasie nie beskikbaar is nie, nie daar is nie.

Nou/...



Nou wanneer was dit? -- Soos ek sê dit was hier na die aanstel dink ek van die Kommissie. Ek het vir hom gesê dat ... (tussenbei)

'n Paar weke daarna? -- Sê weer?

'n Paar weke daarna of kort daarna? -- Ek is jammer, ek weet nie wanneer is die aansoek die eerste keer gerig nie.

Nou watter stappe het u self gedoen om daardie bevel uit te voer? -- Wel, ek het weer eens bevestig die lêers is nie beskikbaar nie, ek het ook gekyk na die lêers waaroor ek beheer gehad het of die projekbestuurder van was en die lêers was toe wel beskikbaar op daardie stadium.

Met wie het u gepraat oor die lêers? -- Wel mnr. Verster het my eintlik kom vra.

Oor lêers? -- Ja.

Ja en u het gesê u het navraag gedoen oor lêers? -- Ja wel na aanleiding van - u sien ek het nie direk met die Kom-missie geskakel nie, dit het maar gekom deur die kanaal.

By wie het u navraag gedoen? -- Nee, ek dink dit het van mnr. Verster af gekom.

Maar u sê ...? -- Met wie het ek navraag gedoen?

Ja. -- Ek het weer eens die ou storie van voor af gevat, ek het met Braam gesels ... (tussenbei)

En wat het hy vir u gesê? -- Nee, hy het gesê u weet mos nou die lêers is weg, u weet miskien nie in soveel woorde nie, maar

die lêers.

Hy het geweier om lêers vir u te gee? -- Nee, hy het nie geweier nie.

Wat het hy gesê? -- Hy het gesê die lêers is nie beskik-baar nie. Hy het nooit geweier nie.

Het u gevra hoekom? -- Wel ons het alreeds geweet die

lêers/...



lêers is nie om een of ander rede ... (tussenbei)

Ja, maar het u vir hom gevra hoekom? -- Ja, ek het al na ek die eerste keer agtergekom het die lêers is weg het ek hom gaan vra hoe kan dit moontlik wees.

Wat was sy antwoord? -- Sy antwoord was hy gaan ondersoek instel waar die lêers is.

Nou ek wil net 'n paar vrae vra oor Cosatu, weet u van die bestaan van Cosatu? -- Ja.

Wat is u persoonlike siening oor Cosatu? Wat is u mening oor die organisasie? -- Wel, dit is 'n organisasie wat kyk na die verskillende vakbonde.

Is dit al? -- Ja.

Waarom dan is dit nodig om inligting in te win oor ...? -- Wel, daar is inligting ingewin van alle vakbondorganisasies wat relevant geag was en dit was nog net 'n vakbond wat, soos die ECC en die ander organisasies.

Nou volgens u dan is Cosatu 'n heeltemal wettige organisasie? -- Alhoewel ek - ja, ek dink hulle is wettig, hulle was wettig.

Hulle het nie as 'n front vir enigiemand anders opgetree nie? -- Ons het dit probeer vasstel.

En wat het u toe daar vasgestel? -- Wel die bevindinge is maar niks is, dit is nie juis gebaseer op feite nie, daar het maar

vermoedens bestaan dat dit wel 'n frontorganisasie was vir die ANC.

Nou dit was u siening? -- Ja, dit was bloot afleidings. 'n Mens maak baie afleidings... (tussenbei)

Afleidings van waar? -- 'n Mens maak baie afleidings in die inligtingsgemeenskap van inligtingstukke.

Maar u sê nie op feite baseer nie? -- Nee, wel daar was

nie/...



nie op daardie stadium feite gewees nie.

So as dit u mening was dat dit 'n frontorganisasie was vir die ANC sou dit onder die kategorie van 'n vyand beskou word deur u? -- Dit kon seker, maar 'n mens moet darem nou - onthou dit is op afleidings basseer.

Ja, maar dit was u siening? -- Ja.

En u het gesê u kan nie onthou dat enige inligting op die normale wyse na die Suid-Afrikaanse Polisie oorhandig is nie? -- Nee, wat nie relevant was nie, is nie oorhandig nie.
Nee, ek wil vir u sê dat inligting ... (tussenbei)

Ja, maar dit is seker relevant as u afleidings kan maak dat hierdie 'n frontorganisasie is wat toe 'n onwettige or-ganisasie was.

VOORSITTER: Nou hy sê dit is nie op inligting, op feite baseer nie. -- Ja en ek wil vir u sê dat inligting waarop opgetree kon word is meesal aan die polisie oorhandig waar hulle dan fisies mense by 'n padblokkade of wat ookal, mense kon, maar inligting, dag tot dag inligting is nie op 'n gereelde grond-slag aan enigiemand beskikbaar gestel nie.

MNR. PRETORIUS: Maar dit is die presiese punt dat u self het gevoel dat hierdie organisasie tree op as 'n front vir die ANC né? -- Ja.

U het nie feite gehad om 'n hofsaak aan die gang te sit, is dit nie so nie? -- Nee, dit is bloot afleidings.

Is dit nie op daardie feite een van die uitsonderings-gevalle waarvan u melding maak nie? -- Nee.

Hoekom sê u nie? -- Ek weet mos van die uitsonderingsge-valle.

Maar ons wil weet, dit is die punt. Nou hoe fisies is Cosatu gemonitor, hoe is dit gedoen? -- U weet ek kan nie eers

dink/...



dink aan 'n enkele lid, kan ek nie nou aan terugdink nie, maar dit gaan maar oor individue in sleutelposisies wat geprobeer is om nader te kom.

Wie is daardie individue? -- Wel ek dink Ramapoosa is miskien een van hulle as my gedagtes reg is.

Miskien of ... ? -- Nee, ek dink hy is, ja.

Hy is gemonitor? -- Nee, hy is nie gemonitor nie.

Nou wat is in verband met hom gedoen? -- Ek kan nie onthou nie, maar daar was probleme gewees om die persoon spesifiek te monitor. Dit was nie so maklik nie. Dit gaan oor die beskikbaarheid van mense wat dit kan doen. Dit is nie suiwer die lede van Streek 6 wat monitor aksies uitvoer nie. Dit was inteendeel, dit was glad nie die doel daarvan nie.

Het u probeer? -- Het ek probeer?

Ja of het u ...? -- Ons het pogings aangewend, maar soos ek vir u sê daar is nie altyd mense beskikbaar om eers sover te kom om dit te doen nie, wat nòg die aangeleentheid te ondersoek.

Wel u sê pogings is aangewend om Ramapoosa te moniteer, iemand anders Naidoo? -- Nee, nie Naidoo nie, nee.

Wel Van Zyl het melding van Naidoo gemaak? -- Wel, ek weet nie wat hy daarvan gesê het nie. U weet wat baie keer kan gebeur is dat die lede kan uit hulle eie uit besluit dat 'n persoon

gemonitor kan word. So ek kan, dit het nie van my afgekom nie.

En benewens Cosatu enige vakunies wat aan Cosatu verbonde is? -- Wel, soos ek sê ons het na almal probeer, gepoog om te kyk met die beskikbare pesoneel en dit is ook so dat ons by baie nie uitgekom het nie as gevolg van die personeelprobleem.

By wie het u uitgekom?-- Wel, ek dink dit wat ons nou al

genoem/...



genoem het. Soos u kan sien in my dagboek ook is daar op, ek dink maak ek melding van die ECC waarna ons gekyk het. Daar is na die NIC gekyk. Ja, dit is vir my nou moeilik om sommer uit die vuis uit te sê.

Nou sou u ook probeer het om dokumente van hierdie or-ganisasies in die hande te kry? -- Wel as dit moontlik was sou dit 'n bonus gewees het, ja.

U sien, want daar is baie klagtes, ek gaan nie in detail ingaan nie, maar dat dokumente van hierdie organisasies gesteel is. -- Gesteel is?

Dat daar inbrake was by die persele van dié unies en dokumente is gesteel? -- Nee, nie wat ek van kennis dra nie.

Die prokureurs van die vakunies is hulle ook gemonitor? -- Nee, nee soos ek sê ek kan nie onthou of daar spesifieke prokureurs was nie, nee.

Ja, maar in die algemeen? -- Wel as daar 'n moontlikheid was van 'n manier om dit te kon doen en dit was van toepassing, ja dan sou dit seker gedoen gewees het,ja.

Sou u ...? -- Maar ek kan nie aan 'n spesifieke geval dink nie.

Sou dit binne die raamwerk van die bedrywighede van Streek 6 van die BSB om telefoonoproepe af te luister? -- Nee, nie die vermoë nie, nee.

Nooit nie? -- Nee.

Watter kerke is gemonitor, kerkorganisasies? -- Wel, nee, daar was nie kerkorganisasies gemonitor nie, nee.

Glad nie? -- Nee.

Wat van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke? -- Nee, nie as 'n organisasie nie, nee.

Wel lede van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke? -- Ek

sal/...



sal verkies om nie dié vraag te antwoord nie.

Want dit mag u inkrimineer? -- Moontlik, ja.

Dra u kennis van die South African Catholic Bishop's Conference? -- Nee.

Glad nie? -- Glad nie, nee.

Lede daarvan? -- Nee.

VOORSITTER: Mnr. Burger?

MNR. BURGER: Mnr. die Kommissaris met u verlof sal mnr. De Jager die vrae vra.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. DE JAGER: U sê daar was 'n stadium gewees wat daar sekere van die buitelandse projeklêers was wat aangevra is en toe het u hulle gekry toe né? -- Ja.

Dit was u lêers gewees waarop u gewerk het? -- Dit is korrek, ja.

En wie het daardie lêers vir u gegee? -- Dit het van mnr. Verster af gekom.

So mnr. Verster het persoonlik dit vir u gegee? -- Ja. Ek weet nou nie by wie het hy dit gekry nie, maar hy het dit persoonlik aan my oorhandig, ja.

En daar was 'n komitee waarvan u melding gemaak het wat kyk na die oorhandiging van projekte? -- Ja, buitelandse pro-jekte vir ander agentskappe, ja.

Ja. Daardie komitee doen nie ondersoek oor wat BSB in die verlede gedoen het in die sin van wat die Kommissie dit doen nie en of hulle sekere goed gedoen het of nie gedoen het nie? -- Nee, negatief, glad nie.

En daardie komitee se lede sê u ken u nie? -- Wel ek weet mnr. Verster is deel daarvan. Die moontlik .... (tussenbei)

U moet nie sê moontlik nie, weet u wie die lede is? -- Nee, ek weet nie. Ek kan net my eie afleiding maak dat die

mense/...



mense aan wie dit gegee kan word, sal moontlik 'n afgevaardig-de daar hê, maar ek praat nie op 'n feitlike basis nie.

Mnr. Verster help seker omdat hy die man is wat omtrent al die oorhoofse kennis van BSB het. Is dit reg? -- Dit is korrek en as daar 'n lêer is of 'n projeknaam is wat hy nie van kennis dra nie, dan het hy die dokumente tot sy beskikking.

Ja en dit is my instruksies dat hierdie komitee nog glad nie gesit het om met sy werksaamhede te begin so laat soos Vrydag verlede week nie, behalwe net om 'n opdrag te kry?-- Ja, dan was dit seker mnr. Verster wat sy eie huiswerk gedoen het.

Ja, met ander woorde mnr. Verster het die lêers gehad en nie die komitee soos u beweer het nie? -- Ja wel, ek was onder die indruk dit was die komitee, maar soos u nou sê dat die komitee het toe nog nie eers gesit nie.

Ja, want dit is my instruksies, ek stel dit maar net aan u, dat hierdie komitee geen enkele lêer tot sy beskikking gehad het tot dusver nie. -- Goed.

U kan dit nie betwis nie? -- Goed.

VOORSITTER: Sê u met ander woorde mnr. Verster het al die lêers, al die lêers wat weggeraak het? -- Wel die doel van die komitee soos ek dit stel was om te kyk na buitelandse projekte wat oorhandig

kon word en dit is miskien dan 'n afleiding dat hy die lêers sal hê wat oor die buiteland gaan om homself te herinner as hy daaraan wil werk.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HATTINGH: Geen vrae.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE

DANIëL FERDINAND DU TOIT BURGER, v.o.e.





ONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Is u volle name soos wat ek genoem het Daniël Ferdinand du Toit Burger? -- Dit is korrek.

Het u op 3 Mei vanjaar 'n beëdigde verklaring gemaak wat voor u is in die getuiebank? -- Dit is korrek.

Bevestig u die korrektheid van daardie verklaring? -- Ek bevestig dit.

Sal u dit net aan die Kommissaris voorlees asseblief vanaf paragraaf 1? --

"1. Ek was voorheen 'n luitenant-kolonel verbonde aan die Suid-Afrikaanse Polisie.

2. Na my bedanking uit die Suid-Afrikaanse Polisie gedurende 1988 het ek aangesluit by die BSB. Ek was aangestel as streekbestuurder van 'n nuwe streek van die BSB bekend as Streek 6.

3. Streek 6 se taak was soos uiteengesit in paragraaf 7 van Christo Brits se beëdigde verklaring, welke ver-klaring ek gelees het."

Is dit korrek dat u ook in die Kommissiekamer teenwoordig was terwyl mnr. Brits sy getuienis gelewer het? -- Dit is korrek.

Gaan voort. --

"4. Ek was ook teenwoordig saam met Christo Brits tydens die samesprekings wat my regsverteenwoordigers met lede van

die amptenare van die Kommissie gevoer het en ek dra dus persoonlik kennis van die versoeke wat deur die amptenare deur ons regsverteenwoordigers tot ons gerig is. Ek het paragraaf 9 van Christo Brits se beëdigde verklaring, waarin hy handel met die projekte van Streek 6 gelees en ek bevestig die juistheid van die bewerings daarin vervat.





5.Ek dra nie kennis van die projekte waarvan hy melding maak in paragraaf 10 van sy beëdigde verklaring nie en ek bevestig dat daardie projekte nie Streek 6 se projekte was nie.

6.Ek bevestig ook dat Streek 6 nie betrokke was by die dood van David Webster nie en ek dra persoonlik geen kennis aangaande sy dood nie.

7.Ek het ook nie die projeklêers van Streek 6 uit die kantore van BSB verwyder nie en ek dra nie kennis van waar hierdie dokumente tans is nie."

Waar het u daardie projeklêers vir die laaste keer gesien? -- Dit was in 'n gereëlde, dit is 'n hotelkamer wat gereël was.

Is dit by die Park Lane Hotel?-- Nee.

Watter hotel praat ons nou van? -- Ek kan nie onthou nie, dit was 'n hotelkamer wat deur die koördineerder vir ons ver-gadering gereël was.

En wanneer was dit gewees? -- Om en by die middel van Januarie, net na die middel van Januarie.

En is dit in daardie hotelkamer dat u Streek 6 se projek-lêers vir die laaste keer onder oë gehad het?-- Dit is reg.

<u>VOORSITTER</u>: Het u dit aan die projekbestuurder oorhandig? -- Dit is reg.

Dit is nou mnr. Christo Brits? -- Korrek.

Hoekom het u dit aan hom oorhandig? -- Hy is die persoon wat die registrasiekantore mag besoek, dit daar verkry en dan na my bring vir insae en opdatering.

So u mag nie by die registrasiekantore kom nie? -- Nee.

MNR. McNALLY: So het u die lêers aan mnr. Christo Brits terugbesorg sodat hy op sy beurt dit na die registrasiekantoor

kon/...



kon terugneem? -- Korrek.

Gaan voort met paragraaf 8 asseblief? --

"8. Ek het paragraaf 16 van Christo Brits se verklaring gelees en my weergawe oor die insidente daarin vermeld is dieselfde as syne. Ek beroep my eweneens op my privilegie teen self-inkriminasie met betrekking tot die Athlone bomvoorval, die apie-projek en die Omar en Evans insidente.

9. In soverre dit die insidente vermeld in paragraaf 7 van mnr. P.J. Verster se beëdigde verklaring betref is my weergawe daaromtrent presies dieselfde as syne. Ek beroep my ook op my privilegie teen moontlike strafregtelike inkriminasie in soverre dit die Athlone-bom en die apie-projek betref."

Ek wil vir u enkele vrae vra oor verklarings van kolonel Wright wat reeds voor die Kommissaris dien. Is dit korrek dat u kantore 1047 tot 1049 by die Parklane Hotel te Hillbrow gehuur het? -- Dit is korrek.

Kolonel Wright het daardie kantore besoek op 13 Maart 1990 volgens BEWYSSTUK C9 en daar het hy beslag gelê op die volgende ammunisie:

100 by 9 millimeter patrone;

50 by 30,06 patrone, asook 12 x AK47 patroondoppies. Sal u asseblief verduidelik hoekom daardie ammunisie daar te vinde was? -- Die 9 millimeter patrone was myne gewees soos verskaf aan my vir oefening. Ek is gelisensieerd omtrent 'n 9 millimeter pistool.

Het u ook een besit? -- Ek het een in my besit.

Ja, dan is daar 50 by 30,06 patrone? -- Dit behoort aan 'n vriend van my.

Het/...



Het dit niks met die BSB te doen nie? -- Nee.

VOORSITTER: Dit is vir 'n jaggeweer? -- Dit is vir jagdoel-eindes mnr. die Voorsitter.

MNR. McNALLY: En dan die 12 by AK47 patroondoppies? -- Dit was patroondoppies wat ek van my vorige, uit my vorige milieu uit as herdenking aan 'n sekere persoon saam met my gebring het.

Is dit van u Brixton dae af? -- Dit is korrek. Dit het aan ene adjudant-offisier Henry Wolhuter behoort wat 'n paar jaar gelede oorlede is.

En dan laastens wil ek 'n vraag aan u stel in verband met 'n verdere verklaring van kolonel Wright waar hy sê dat in 'n lêer gemerk Kinross Finansies het hy gegewens gevind van 'n Durbanse prokureur, ene Kwenza Mhlaba en dit blyk dat daardie persoon deur die BSB gemonitor was. Dra u kennis hiervan?-- Ek dra geen kennis van 'n Kinross Projek of van so 'n prokureur nie.

So u was nooit betrokke by die moniteringsproses ten opsigte van prokureur Mhlaba van Durban nie? -- Nee.

En dit is nooit in u opdrag gedoen nie? -- Nee.

MNR. BERTELSMANN: Mnr. die Voorsitter soos ons u alreeds mee-gedeel het sal ek vra dat die aangeleentheid nou oorstaan na môre-oggend toe. My geleerde vriend en ek kyk nog na sekere

dokumentasie. My geleerde vriend het ook vanoggend dokumente aan my beskikbaar gestel wat ek nog nie geleentheid gehad het, dit is nou mnr. McNally na wie ek verwys, wat ek nog nie ge-leentheid gehad het om na te gaan nie en as ons dan onder dié omstandighede kan oorstaan tot môre-oggend toe vir verdere ondervraging, as dit u sal behaag.

DIE KOMMISSIE VERDAAG TOT 15 MEI 1990.

**Collection Number: AK2300**

**HARMS COMMISSION OF INQUIRY, Death squads 1990**

## *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Harms Commission of Inquiry**
*Location:-*
**©1990**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection donated to Historical Papers at The University of the Witwatersrand.